

Volhard!

Hoe maklik kan ek en jy nie moedeloos word nie? Daar is inderdaad baie dinge in die lewe wat die lag en die vreugde uit die lewe kan wegneem. Daardie dinge op jou lewenspad kan jou só moedeloos maak dat jy selfs die lus om aan te gaan, verloor. Die Here stuur dan sy Heilige Gees om ons by te staan om – kom ons sê – “te volhard”, “kop te hou”, “steeds weer moed te kry om aan te gaan”.

Ons fokusgedeelte beskryf die situasie in die eerste Christelike kerk, júís onder invloed van die Heilige Gees. Die kerngedagte lê in verse 42 en 46: Die gemeente het “volhard”. Só werk die Gees van die Here!

- *Hy laat die mens volhard in die leer van die apostels (vs 42).* Hou dus vas aan die Woord van God! Die Bybel is die lig op ons lewenspad en die lamp voor ons moedeloze voet.
- *Hy laat jou volhard in onderlinge verbondenheid (vs 42).* Hou vas aan die kerk van die Here waar daar soveel gelowiges is wat jou bystaan en vir jou kan bid!
- *Hy laat jou volhard in die geloof (vs 44).* Hou vas aan daardie sekere beloftes wat in die Bybel staan – dit is ook vir jǒú bedoel!
- *Hy laat jou volhard om kerk toe te kom (vs 46).* Doen dit elke Sondag want dit is dáár waar die Woord jou troos en nuwe moed en krag gee!
- *Hy laat jou volhard om te bid en God te prys (vs 47).* Hou vas aan die gebed, want die gelowige se gebed het inderdaad groot krag!

Om te volhard, aan te hou en vas te hou is die genadewerk van die Heilige Gees, naamlik dat God die goeie werk wat Hy in ons begin het, sal voltooi tot op die dag as Jesus weer kom (Fil 1:6). As jy dalk vandag moedeloos is, mag die Here jou genade gee om te volhard! Die grond vir volharding is dat God se beloftes vasstaan (Jes 54:10), dat Hy jou liefhet en wil versorg (Rom 11) en dat Jesus Christus ons waarborg is (Joh 6:39). Volharding bring daarom dankbaarheid en ’n blymoedige sekerheid van geloof in ons lewe. Glo dit en volhard in die geloof – ook vandag!

Sing: Psalm 119:33

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)